HSH – ONS DOEN DIE GEWONE DINGE BUITENGEWOON!

WAARDE VIR KWARTAAL 4 : INTEGRITEIT

Nuusbrief 17/2019
25 Oktober 2019

Dis die laaste tyd ‘n bietjie moeilik om die fokus te behou op die dinge wat saak maak. Die Wêreldbeker Rugby met die Bokke wat die Suid-Afrikaanse vlag hoog hou, maak dit nogal moeilik om ‘n spreekbeurt oor die onderwyskwessies in die personeelkamer in te kry. Dan moet jy nie waag om oor Faf se skoppery in die klaskamer te praat nie … Een ding wat wel saak maak en soos ‘n paal bo water staan, is die feit dat die volgende maand baie belangrik vir al ons leerders gaan wees. En dit het niks te doen met die Wêreldbeker nie. Dit het alles te doen met ons kernbesigheid – akademie. Die belangrikheid van hierdie eksamen kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die Gr. 4-9 eksamen tel 60%, terwyl die Gr. 10-11 eksamen 75% uitmaak van die finale jaarpunt. So, as ons almal wil hê dat Woensdag, 4 Desember ‘n plesierige en vrolike dag moet wees, sal ons nou moet begin om in alle erns die ekstra myle in te sit. Onthou ook: As jy doen wat jy altyd gedoen het, gaan jy kry wat jy altyd gekry het. En ons mik beslis hoër hierdie kwartaal!

2. **Staff**

We are glad to report that our terrain manager, Mr Freddie Pretorius, is recovering well. One of our parents is driving a Backabuddy project where funds are raised for a prosthesis for Freddie. We are immensely grateful for all the contributions. If parents want to get involved with this very worthy project, you can follow the next easy steps:

1. Google Backabuddy
2. Click on find a friend
3. Type in Freddie Pretorius and follow the instructions.

3. **Sportuitslae**

Blackie Top 20 Atletiekbyeenkoms teen H/S Hugenote

Blackie Top 20 Atletiekbyeenkoms teen H/S Hugenote – 8/10/2019			
Hamergooi	Anje Prins Hanlie Matthysen	D o/17 D o/15	Goud - eerste Silwer - tweede
Verspring	Bejanke Bezuidenhout Kayla Burger Miché Engelbrecht	D o/14 D o/15 D o/17	Goud - eerste Goud - eerste Goud - eerste
Hekkies	Denmar Jacobs Basson Burger	S o/17 S o/17	Goud - eerste 110mH Silwer - tweede 400mH
Driesprong	Tristan Holtshausen	S o/17	Brons - derde

L/S Swartland Atletiek - 12 Oktober 2019			
60m 80m	Elgan de Wet Elgan de Wet	o/7 o/7	Derde Tweede
60m 80m	Juan Papier Juan Papier	o/7 o/7	Tweede Eerste
60m	Kealah Farmer	o/8	Tweede
80m 100m	Jared Williams Jared Williams	o/11 o/11	Eerste Eerste
Hekkies	Mienke Teubes	o/11	Eerste
80m	Chanlynne Brown	o/11	Derde
1000m	Cole Cleophas	o/12	Eerste
Spiesgooi	Altus van der Westhuizen	o/12	Derde
Spiesgooi	Elri van der Westhuizen	o/12	Tweede

Mini-Krieket		
o/7	H/S Hopefield teen Panorama	HSH wen met 1 lopie
o/9	H/S Hopefield teen Panorama Goeie presteerders: Christijan Opperman,William Melck, Nicholas Baynes	HSH wen met 26 lopies
o/13	H/S Hopefield teenTopolino Beste kolwers: Nicolai Hanekom JJ Teubes Beste boulers: Bronwin Williams JT Adams Nicolai Hanekom JJ Teubes	Topolino wen met 46 lopies
o/15	H/S Hopefield teen Longacres Beste kolwers: Rahul Hartzenberg Kian Fourie Beste boulers: Rahul Hartzenberg Kian Fourie	HSH wen met 245 lopies
o/15	H/S Hopefield teen Weston Beste kolwers: Kian Fourie Beste boulers: Christo de Wet Rahul Hartzenberg Breyton Vlok	HSH wen met 44 lopies
o/19	H/S Hopefield teen Hopefarm Beste kolwers: André v/d Merwe Tyreeq Linnerd Beste bouler: Bradley Swart	HSH wen met 3 paaltjies
o/19	H/S Hopefield teen Piketberg Beste kolwers: André v/d Merwe Tyreeq Linnerd Bradley Swart Beste boulers: Eathon Louw Bradley Swart	HSH wen met 4 paaltjies
o/19	H/S Hopefield teen Vredenburg Beste kolwers: Rahul Hartzenberg Brendon Coetzee Thyreeq Carolus	Vredenburg wen met 50 lopies

TWEEKAMP **Paarl Gim-liga Byeenkoms 12 Oktober**			
Naam en Van	**Ouderdom**	**Item**	**Plek**
Janco Britz	So/13		4
Kellan Gouws	So/17		4
Peter Schreuder	So/17		5
Malmesbury-liga byeenkoms 19 Oktober			
Nina Slabber	Do/13		3
Janco Britz	So/13		1
Chrizandi Basson	Do/15		4
Kellan Gouws	So/17		1
Ryan Davis	So/17		2
Peter Schreuder	So/17		3
Vredenburg H/S-gala 23 Oktober 2019			
Yani da Silva	Do/15	Vlinderslag Rugslag	1 2
Jacques van Zyl	So/14	Vlinderslag Rugslag Vryslag	3 2 1
Jeandré Theart	So/14	Vlinderslag Vryslag	1 3
Quizandri Mouton	Do/14	Rugslag Borsslag	2 1
Hanli Matthysen	Do/15	Rugslag	2
Peter Schreuder	So/15	Rugslag Vryslag	2 3
Ashley Wills	So/16	Rugslag Vryslag	3 3
Ryan Davies	So/16	Rugslag Borsslag Vryslag	2 2 2
Amber Louw	Do/14	Borsslag	3
Michelle Koen	Do/14	Vryslag	2
Megan Ashmore	Do/15	Borsslag	1
Juané Schreuder	Do/16	Borsslag	1
		Vryslag	1

4. **HSH Gholfdag**

Ons gholfdag by Bergrivier Gholfklub in Velddrif, was ‘n dawerende sukses en het ‘n netto wins van meer as R52 000 getoon. Baie dankie aan almal wat hierdie dag ondersteun het, veral ons Velddrif ouers. ‘n Groot klop op die skouer vir mnr. Gerhard Loots en mev. Anneke Basson wat hierdie fondsinsameling skitterend gereël het.

5. **Trolley project**

Our final fundraising project for 2019 is the Trolley project. The funds raised by this project will be used to upgrade our Consumer Studies class to a facility that we all will be very proud of.

Kom ons wend ‘n laaste allergrootste poging aan met hierdie projek. In die proses is daar ook die volgende vet pryse te wen:

- ‘n Gelukkige trekking vir elke lootjie:

  1ste prys : Trollie vol kruideniersware en ‘n hele skaap
  2de prys : Trollie gepak met kruideniersware
  3de prys : Trollie gepak met kruideniersware

- R500 vir die Laerskool leerder wat die meeste geld insamel
- R250 vir die Laerskool leerder wat die tweede meeste geld insamel
- R500 vir die Hoërskool leerder wat die meeste geld insamel
- R250 vir die Hoërskool leerder wat die tweede meeste geld insamel
- ‘n Gelukkige trekking vir al die leerders wat ‘n vol lootjievorm inhandig, waarin ‘n hommeltuig gewen kan word
- Registerklas wat die meeste geld per capita ingesamel het:
  Hamburger en Coke asook ‘n Civviedag.

Alle lootjievorms moet voor **30 Oktober 2019** by die registeronderwysers ingehandig word.

6. Beplanning 2020

Die skoolbestuur is kliphard aan die beplan vir die volgende jaar en ons wil regtig ouers aanmoedig om die skool te kontak met vars, nuwe idees t.o.v. hoe ons HSH nog ‘n beter skool kan maak. Ons luister graag na julle, veral rondom kreatiewe idees vir fondsinsamelings.

7. Handing out of report cards

Report cards will be handed out to learners on Wednesday, 4 December. Learners will report to school in school uniform for final assembly at 08:00. After assembly, learners will go to their register classes to receive their report cards. **To adhere to WCED instructions, no report card will be faxed or e-mailed. Report cards will only be handed to learners or their parents. Report cards not fetched will be mailed.**

8. Appélproses

Indien ‘n leerder aan die einde van die jaar nie suksesvol vorder na die volgende graad nie en ‘n ouer **sonder redelike twyfel kan bewys** dat daar onregmatig opgetree is, kan appél by die skool ingedien word. Appélle sal tussen 15 en 17 Januarie 2020 hanteer word.

9. Resolusie 1: 100% HSH

Tydens die Begrotingsvergadering is die volgende resolusie eenparig deur die ouers teenwoordig aanvaar: ‘n Minimum maandelikse betaling van R250 skoolgeld deur alle HSH-ouers word aanvaar. **Gesien in die lig dat daar in die 2019 boekjaar R2 126 283,00 afgeskryf is a.g.v. kwytskeldings**, asook die kwaliteit onderrig wat alle leerders by HSH ontvang, word ‘n beroep op ouers wat vrystelling ontvang gedoen om hierdie minimum betaling te doen van R250 per maand. Hierdie resolusie is nie afdwingbaar nie, maar ons doen ‘n beroep op ouers wat vrystelling ontvang om ook hulle 100% vir HSH te gee en sodoende ‘n bydrae te lewer tot die skep van ‘n uitnemende skool.

10. **Begroting 2020**

Die volgende skool, bus- en koshuisgelde is eenparig deur die ouers teenwoordig by die Begrotingsvegadering gehou op 17 Oktober, goedgekeur.

Hoërskool Hopefield - Tariewe 2020

	OPSIE 1	OPSIE 2	OPSIE 3
SKOOLFONDS	**TARIEF PER JAAR**	**PER 10 MAANDE**	**PER 11 MAANDE**
GR R TOT GR 12	16,500.00	1,650.00	1,500.00
RESOLUSIE 1	2,750.00	275.00	250.00
BUS	**TARIEF PER JAAR**	**PER 10 MAANDE**	**PER 11 MAANDE**
LANGEBAAN	12,298.00	1,230.00	1,118.00
VREDENBURG	12,298.00	1,230.00	1,118.00
LANGEBAANWEG	10,263.00	1,027.00	933.00
SALDANHA	13,915.00	1,392.00	1,265.00
VELDDRIF	13,915.00	1,392.00	1,265.00
ST HELENABAAI	15,554.00	1,556.00	1,414.00

**Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 is skoolfonds jaarliks vooruitbetaalbaar.*
Afbetaling oor 'n 10 of 11 maande periode word as 'n vergunning beskou.

KOSHUIS	**TARIEF PER JAAR**	**PER 10 MAANDE**	**INSKRYWINGSFOOI**
HUIS EUREKA	20,141.00	2,015.00	300.00
HUIS WALTERS	20,141.00	2,015.00	300.00

Alle tariewe is per kind.

Ouers word ook ingelig dat die Beheerliggaam besluit om die skool se Toyota Hiace bussie te vervang met 'n Quantum. Die ouderdom het die Hiace ingehaal en ter wille van ons leerders en opvoeders se veiligheid en gemak, is die besluit geneem om 'n splinternuwe bus aan te koop.

Dennis van der Merwe, HSH se Finansiële Komitee Voorsitter, het vanjaar weer 'n baie insiggewende oefening gedoen oor waarvoor die skoolgeld gaan wat jy vir HSH in 2020 gaan betaal. Skoolgeld vir 2020 is R16 500,00 vir 'n kalenderjaar en die "breakdown" vir daardie bedrag lyk soos volg:

BEGROTINGS ITEM	**2019**	**2020**	**% van Totaal**
Salarisse	7 669	8 136	**49%**
Vrystellings	2 518	2 909	**18%**
Buitedienste	1 034	1 146	**7%**
Onderhoud & herstelwerk	1 032	1 163	**7%**
Administratief	890	914	**6%**
Munisipale dienste	805	771	**5%**
Opvoedkundig	600	657	**4%**
Kultuur	292	289	**2%**
Sport	205	379	**2%**
Kapitale uitgawes	201	136	**1%**
TOTALE JAARLIKSE BYDRAE	15 246	16 500	

11. **Eksamens**

Die eksamenroosters vir die finale eksamens van 2019 word aan hierdie nuusbrief geheg. Geen afsprake van enige aard moet tydens eksamenskryftye gemaak word nie en **afwesigheid tydens die eksamen moet deur 'n dokters- of kliniekbrief gestaaf word.**

Nou ja, ek het my preke gepreek. Nou is dit tyd vir skouer aan die wiel, hand aan die ploeg en al daardie lekker dinge. Voor ons ons oë uitvee, is Krismis op ons en dan is dit te laat vir trane. So kom ons spring aan die werk vir 'n rapport wat 4 Desember 'n wonderlike dag gaan maak!

Voorspoed!

Wehan Fourie (Skoolhoof)

WAARDE VIR KWARTAAL 4 – INTEGRITEIT!

WE DO ORDINARY EXTRA-ORDINARILY!

PROGRAM: 28 Oktober 2019 tot 10 November 2019

Whatever you're doing today, do it with the confidence of a 4 year old in a Batman t-shirt.

MAANDAG, 28 OKTOBER 2019

Alle hoërskoolvraestelle by vakhoofde vir moderering

Saal: FR / EvdM

Terreindiens: HdB RLint HT US

Sementblad: Hoërskool

O/13 Krieket vs Curro Langebaan (weg)

Matriek: 09:00-12:00

Math. Lit. Paper 2

Maths Paper 2

DINSDAG, 29 OKTOBER 2019

Hoofdevergadering met KB (Langebaanweg)

CAT Gr.12 Moderering

ATKV-opstelwedstryd

WOENSDAG, 30 OKTOBER 2019

Hoërskool Porterville Gala vir laer– en hoërskool

Trollie-projek eindig

Matriek: 09:00-12:00

Rekeningkunde

HS Tennis Dirkie Uys (Tuis)

O/11 Krieket vs Curro Langebaan (Tuis)

DONDERDAG, 31 OKTOBER 2019

Personeel T20 Krieket

Wes-Kaap Premier besoek skool 12:00

Matriek: 09:00-11:00

Afr Eerste Add. Taal Vraestel 1

Afrikaans Huistaal Vraestel 1

VRYDAG, 1 NOVEMBER 2019

Feedem vergadering 08:00

Trollie-projek trekking

HSH Borge-aand

Alle hoërskoolvraestelle in kluis

Skryf van adresse op rapportkoeverte

Detensie: BA

Suanne Burger verjaar

Matriek:09:00-12:00

Physical Science Paper 1

SATERDAG, 2 NOVEMBER 2019

Arnold van der Westhuizen verjaar

World Cup Final!!

SONDAG, 3 NOVEMBER 2019

MAANDAG, 4 NOVEMBER 2019

Hoërskooleksamen begin (Gr 7-11)

From this date school starts @ 08:00 and closes @ 13:00

Terreindiens: MF FS AS EvdW

Sementblad: Laerskool

Matriek: 09:00-12:00

Physical Science Paper 2

DINSDAG, 5 NOVEMBER 2019

Matriek: 09:00-12:00

Geography Paper 1 (Theory)

Matriek: 14:00-15:30

Geography Paper 2 (Map Work)

SGB Training (Saldanha Primary)

WOENSDAG, 6 NOVEMBER 2019

Mini Krieket (Tuis)

Matriek: 09:00-11:00

Eng First Add Paper 2

09:00-11:30

Eng Home Lang Paper 2

DONDERDAG, 7 NOVEMBER 2019

Matriek: 09:00-12:00

Business Studies

Personeelsokkertoernooi

Gr 9 Moderering EBW, Wisk, LO en Teg (HS Vredenburg)

VRYDAG, 8 NOVEMBER 2019

Alle take en projekte vir laerskoolleerders afgehandel en ingehandig.

SVM-verslag ingehandig by KB

Detensie: HB

Matriek: 09: 00-11:30

Life Science Paper 1

SATERDAG, 9 NOVEMBER 2019

Tweekamp Laerskool Olifantsvallei (Citrusdal)

Damespersoneeluitstappie

SONDAG, 10 NOVEMBER 2019